Prentjies vertoon nie?
Regs-kliek in een van die blokkies sodat die prentjies kan aflaai.

Beste Wapadranter

Kommunikasie

eNuus via WhatsApp

Jy kan al die gemeentenuus via WhatsApp ontvang. Besigtig die eNuus op jou slimfoon en druk op die knoppie hieronder om aan te sluit by die groep.

Sluit aan by die groep

eNuus in kort

Alternatiewelik kan jy die eNuus in kort kyk deur die volgende skakel te volg: https://youtu.be/rspjOqbwWuw

Eredienste by Wapadrant

Donderdag 17 April:

- Die Wit-Donderdag erediens is om 18:30.
- Die erediens word gelei deur ds. Marcel Floor.
- Ons vier saam Nagmaal.
- Die kollekte word as volg verdeel:

Vrydag 18 April:

- Die erediens op Goeie Vrydag is om 08:30.
- Die erediens word gelei deur ds. Marcel Floor.
- Die kollekte word as volg verdeel:

Sondag 20 April:

- Daar is slegs ***een*** erediens op Opstandingsondag om 08:30.
- Die erediens word gelei deur ds. Marcel Floor.
- Die kollekte word as volg verdeel:

Ter approbasie:

- Die volgende lidmate word **ter approbasie** aan die gemeente voorgehou as diakens: Ben Venter en Esmond Pienaar. Indien hul die roeping opvolg, sal bevestiging Sondag 18 Mei plaasvind.

Wapadrant Bid Saam

Ons vra voorbidding vir:

- Dirk van Jaarsveld wat ‘n operasie ondergaan het.
- Tienie Maree wat in die hospitaal opgeneem is.
- Almal wat ongesteld is.

Gebed vir die week:

Versoek om by die gebedsgroep aan te sluit

https://chat.whatsapp.com/JL7Os5H3dXU2CTR5nfIhPz

Lidmaat Netwerk

Besoek die Lidmaat Netwerk vir produkte, dienste, poste gevra, poste beskikbaar of sosiale geleenthede buite die gemeente. Kyk wat ander bied en bou so aan jou stad!

Lidmate kan advertensies gratis plaas. Stuur ‘n epos met besonderhede (in .jpg of .png formaat) aan media@gkwapadrant.co.za.

LidmaatNetwerk

https://www.canva.com/design/DAFYMHYdp

Paasprogram

Die Paasprogram, “Van Duisternis tot Lig”, was ’n besonderse belewenis. Dit was ’n lofrede oor Jesus se lewe. Besonderse klem is geplaas op die kruisgebeure wat mens dan ook op ’n emosionele ervaring geneem het. Baie dankie aan die volgende persone wat die program moontlik gemaak het:

Theo van Wyk – Orrelis; Petrus Meyer– Pianis; Zanta Hofmeyr – Violis; Braam van Tonder – Trompetter; Michael Jeanrenaud – Doedelsakspeler; Jean-Pierre Verster – Bariton sanger en voorleser; Ilda van der Merwe – voorleser, bemarkingsmateriaal en dataskyfies ontwerp; Pietro Gie – datakamer operateur; Dillon Rens – Klank; Rassie Smit –taalkundige verwerking van teks; Errol Mears – dekor en rangskikkings; Helena Aucamp & Esmé Daniel – bemarking en kaartjieverkope.

Ook aan die Burundi-uitreikspan onder leiding van Esmé Daniel vir die heerlike “ligte” kerslig ete, wat toe ’n behoorlike bord kos was, wat vooraf in die saal aangebied is.

Die Burundi-uitreikspan wil graag van die geleentheid gebruik maak om vir Cobus van der Walt te bedank vir die skenking van die rooibok, asook Pieter en Hendrik Steenkamp wat die vleis gratis verwerk het. Verder wil hul graag die Bloem-tweeling bedank wat die dadel nagreg gemaak het.

Saterdag was werklik ’n sielsverkwikkende ervaring wat ons almal inspireer het om opnuut ons dankbaarheid en afhanklikheid van God se grootheid en vergifnis te besef.

Dankie aan almal wat die geleentheid met entoesiasme ondersteun en bygewoon het. Julle betrokkenheid en belangstelling maak al die harde werk die moeite werd.

Aan God alleen die eer!
Pieter de Wet

Namens Wapadrant Gemeente bedank ons graag vir Pieter wat met soveel entoesiasme en toewyding die program saamgestel en gekoördineer het. Hartlike dank!

Besoek ons Facebook-blad vir meer foto's by
https://www.facebook.com/media/set/?set=a.1119451350226286&type=3

20 jaar diens

Seni Nkumishe

20 Jaar gelede het Seni, as ongetroude jong man, by Wapadrant Gemeente begin werk.

Hy, sy vrou Karlina, seun Ofentse (16) & dogter Reba (10) woon op die kerkterrein.

Seni se verantwoordelikhede strek wyd - faktotum vir geboue en terrein, onderhoud van die kameras, Pakhuis aankope en -administrasie, hekmotors, alarms – sommer alles van geboue. Sy groot liefde is egter die tuine!

Seni is onbaatsugtig, ywerig, vriendelik, behulpsaam ens.

Seni, dankie dat ek Jesus se gesindheid in jou kan sien op die manier hoe jy mense hanteer. Baie dankie dat ek altyd op jou kan staatmaak enige tyd van die dag. Sonder jou sal alles nie glad verloop hier op die terrein nie.

Hou asb. so aan. Jy is 'n groot aanwins vir hierdie gemeente, wat baie lidmate nie eens van weet nie. (Die wat hom ken sal saam kan getuig).

~ Wapadrant Gemeente

Volledige artikel

Seni se artikel is beskikbaar by: https://drive.google.com/file/d/1ddVDyBeGiYphJ5XVMV2Nxoi-UlcsV7ql/view?usp=sharing

Uit en Tuis

Alle jeug: babas tot studente

Maak die lofprysingsaand op 20 Mei mooi!

Wys met jou reënboog-handafdruk
dat jy jou in God s'n plaas.

Maak jou handafdruk op die wit laken in
die vierkant tussen die eredienste op

13 April, 4 Mei & 11 Mei

LOFPRYSINGSAAND

20 Mei 2025

18:00

Kom geniet 'n aand van dankbaarheid, gebed, lofprysing en aanbidding ter herdenking van die gemeente se 42ste verjaarsdag!

Bring jou familie en vriende en geniet die aand saam met ons

Magda 082 414 5688

Teken die datum aan

Kameeldrift: Damesoggend



23 Augustus 2025

Wil jy graag 'n gasvrou vir 11 gaste wees? (Die gasvroukaartjie is gratis).
Kontak Elize van der Walt by 079 339 5244

Inskrywingsvorm by: https://forms.gle/M7RYVm7eP5wjkEzV9

Liefdevolle Verhoudinge

Die Bybelstudiemateriaal (vir kleingroepe) is nou beskikbaar.



Gids vir kleingroeplede

Gids vir kleingroepleiers

Laai dit af op ons webblad by:
https://www.wapadrant.co.za/kleingroepbiblioteek.html

Meer oor eredienste

PREEKROOSTER 2025

DATUM	IDIOOM	TYD	PREDIKER
17 April (Wit Donderdag)	Kontemporêr	18:30	Marcel Floor
18 April (Goeie Vrydag)	Kontemporêr	08:30	Marcel Floor
20 April (Paassondag)	Kontemporêr	08:30	Marcel Floor
27 April (Nagmaal)	Klassiek	08:30	Rassie Smit
4 Mei (Doop)	Kontemporêr	08:30	Rassie Smit

EREDIENSTYE
Tydens skoolkwartale is daar 'n erediens om 08:30 sowel as 'n erediens om 10:00. Gedurende skoolvakansies en langnaweke is daar een gesamentlike erediens om 08:30

IDIOOM
Die Kontemporêre erediens is meer modern en sluit 'n verskeidenheid van instrumente in. Die Klassieke erediens is meer tradisioneel en sluit hoofsaaklik die orrel en ander klassieke instrumente in.

REGSTREEKSE UITSENDING
Tans word slegs die 08:30 erediens regstreeks vir Facebook en Youtube uitgesaai.

Volg eredienste via Youtube

https://www.youtube.com/channel/UCb3hrn

Volg eredienste via Facebook

https://www.facebook.com/gkwapadrant/videos

‘n Hart van gee

‘n Gemeente het finansies nodig om te funksioneer. Indien jy nog nie uit dankbaarheid finansies afstaan aan die gemeente nie, is hier nou nog ‘n kans. Gebruik die SnapScan-funksie of QR-kode wat in kerkbanke aangebring en gee so ook jou donasie.

Die verwysing is baie belangrik:

- As jou bedoeling is dat dit vir liefdegawe / kollekte geallokeer moet word, moet die verwysing asb. “Liefdegawe” of “Kollekte” wees.
- Indien jy jou naam as verwysing gebruik, word dit beskou as ‘n “Kerkkas” bydrae.
- Merk die verwysing daarop asb. as “Donasie” of “Bydrae” met jou naam daarby.
- Jy mag ook anoniem bly.

Het jy van adres verander of is jy nie meer ‘n lidmaat van Wapadrant nie?
Kontak die kerkkantoor